Graad 2: Maandag, 18 Mei 2020

Afrikaans	
Klanke: kr-	Maak saamgestelde woorde en skryf dit neer, bv. omkrap, wegkruip: om + krap ; kleur + kryt ; stop + kraan ; kroon + prins ; ge + kreun weg + kruip ; hemp + kraag ; krag + draad ; bees + kraal kreef + poot ; krul + kop
Geheuesin	Hulle kuier graag by ouma en oupa.
Lees & Skryf	Lees die leesstuk oor kamoeflering. Skryf nou 'n storie oor 'n dier wat homself kamoefleer om weg te kruip vir iets of iemand. (Werkvel 1)
Taalwerk: Werkwoorde & Lettergrepe	- Werkwoorde: 'n Werkwoord is iets wat jy kan doen. Daarom sal ons ook daarvan praat as doenwoorde. Kies 3 werkwoorde en skryf 'n spogsin met elke woord. (Werkvel 2) - Lettergrepe: Omkring (of sê sommer) uit hoeveel lettergrepe elke woord bestaan nadat jy die lettergrepe geklap het. (Werkvel 3)
Wiskunde	
Tel mondelings	Tel aan in 3'e van 0 – 30. Tel aan in 4'e van 0 – 40.
Getalle & bewerkings	- Getalname (bv. drie en vyftig): 17 ; 23 ; 38 ; 42 ; 59 - Verdubbel: 36 ; 73 ; 28 ; 47 ; 19 - Hoofreken: 27 + 1 = ; 35 + 5 = ; 50 + 3 = ; 16 + 4 = ; 49 + 2 = ; 8 + 4 =
Woordsom	Daar is 6 bome. In elke boom is daar 2 appels. Hoeveel appels is daar altesaam?
Konsep van die dag: Pylnotasie +	Verlede week het ons geleer hoe om tweesyfergetalle bymekaar te tel deur gebruik te maak van die pylnotasiemetode. Gebruik die werkvel om pylnotasie plussomme goed vas te lê. (Werkvel 4)
Lewensvaardigheid	
Wilde diere: Kamoeflering	Vandag gaan ons 'n bietjie kyk hoe verskillende diere hulself kan wegsteek vir hul vyande. (Werkvel 1)

Graad 2: Dinsdag, 19 Mei 2020

Engels	
Phonics: m - sound	Woorde op bl. 12 in Phonics-boekie. Leerders moet die woorde kan skryf en ook weet wat elke woord beteken. Hulle kan mondelings 'n sin maak met elke woord om te wys hulle ken die betekenis van die woord en dan oefen hulle sommer terselfdertyd 'n bietjie om mooi Engels te praat.
Sentence	Skryf die sin op bl. 12 in jou Phonics-boekie uit jou kop uit.
Reading	Leesstuk nommer 13 op bl. 40 van Phonics-boekie. Leerders kan hierdie leesstuk oefen totdat hulle dit vlot kan lees.
Speaking & Vocabulary	Ken u kind die maande van die jaar in Engels? Hulle hoef dit slegs mondelings te ken, hulle moet dit nie skryf nie. Vra enkele vrae, bv: *In which month is your birthday? What is the name of the second month? Which month comes before December? What is the name of this month? What is the first month of the year?*
Wiskunde	
Tel hardop	Tel aan in 3'e van 30 – 60.
Getalle & bewerkings	- Hersien maande van die jaar en die dae van die week. (Werkvel 6) - Hoofreken: 59 – 5 = ; 45 – 3 = ; 34 – 2 = ; 29 – 1 = ; 32 – 4 = ; 51 – 2 =
Woordsom	Daar is 3 sakkies. In elke sakkie is daar 4 koekies. Hoeveel koekies is daar altesaam?
Konsep van die dag: Getal 14	Vandag gaan ons 'n bietjie kyk na getal 14. In jou huiswerkflippie is daar 'n takie oor getal 14. Voltooi daardie takie om jou te help om getal 14 sommer goed te leer ken. Daar waar staan *ontbind: tiene en ene*, werk dit so: 14 = 10 + 4 → t 1 + e 4 (*t* staan vir tiene, daar is 1 tien in 14 en *e* staan vir ene, daar is 4 ene in 14). Onthou by die hondjies werk ons met *maats van 14*→ die twee getalle wat onder mekaar staan, moet saam 14 maak.
Lewensvaardigheid	
Waterdiere	Sommige diere woon in varswater en ander diere woon in seewater. Vandag leer ons meer oor diere wat in die see woon. (Werkvel 5)

Graad 2: Woensdag, 20 Mei 2020

Afrikaans	
Klanke: kw-	Maak saamgestelde woorde en skryf dit neer, bv. verfkwas, kwylkol: verf + kwas ; kwes + baar ; weg + kwyn ; kwaak + geluid kwaai + ste ; ge + kwel ; smoor + kwaad ; maag + kwaal kwyl + kol ; kweek + huis
Geheuesin	Hulle kuier graag by ouma en oupa.
Lees & Begrip	Lees die leesstuk oor Kierie-Kwaak en beantwoord dan die volgende vrae mondelings of skriftelik: Hoekom het Kierie se poeletjie al hoe kleiner geword? Wat het die seuntjie met Kierie gedoen? Wat het die seuntjie se mamma gedoen toe sy dit uitvind? Waar is Kierie se nuwe poeletjie? Wat het die seuntjie teen sy kamermuur geplak? Gee antonieme vir: *klein, stout, goed, nuwe, gelukkig*. (Werkvel 10)
Taalwerk: Verlede tyd	Skryf die sinne oor in die verlede tyd. By die eerste twee sinne wys ons vir jou met watter woord om te begin. By die laaste sin kan jy kies met watter woord jy wil begin. (Werkvel 9)
Wiskunde	
Tel hardop	Tel aan in 4'e van 40 – 80.
Getalle & bewerkings	- Getalname (bv. drie en vyftig): 62 ; 74 ; 85 ; 96 ; 107 - Halveer: 34 ; 58 ; 92 ; 76 ; 108 - Hoofreken: 29 + 2 = ; 28 + 4 = ; 46 + 1 = ; 55 + 5 = ; 17 + 3 = ; 9 + 3 =
Woordsom	Daar is 5 tasse. In elke tas is daar 3 boeke. Hoeveel boeke is daar altesaam?
Konsep van die dag: Massa	Ons gesels vandag oor massa/gewig. Massa verwys na hoe swaar iets is. Waarmee meet ons massa? In watter eenhede word dit gemeet? Watter items is swaar en watter is lig? (Werkvel 8)
Lewensvaardigheid	
Waterdiere	Ons ontmoet nog diere wat in seewater woon. (Werkvel 7)

Graad 2: Donderdag, 21 Mei 2020

Engels	
Phonics: n - sound	Woorde op bl. 13 in Phonics-boekie. Leerders moet die woorde kan skryf en ook weet wat elke woord beteken. Hulle kan mondelings 'n sin maak met elke woord om te wys hulle weet wat dit beteken.
Sentence	Skryf die sin op bl. 13 in jou Phonics-boekie uit jou kop uit.
Afrikaans	
Lees & Begrip	Lees die leesstuk en beantwoord dan die vrae wat daarop volg. Probeer om in volsinne te antwoord waar moontlik. (Werkvel 13)
Taalwerk: Toekomende tyd	Skryf die sinne oor in die toekomende tyd. By die eerste twee sinne wys ons vir jou met watter woord om te begin. By die laaste sin kan jy kies met watter woord jy wil begin. (Werkvel 11)
Wiskunde	
Tel hardop	Tel aan in 3'e van 30 – 60.
Getalle & bewerkings	- Getalpatrone: 16 20 ___ 28 ___ ___ ___ 44 71 69 ___ ___ 63 61 ___ 57 ___ 15 18 ___ 24 ___ ___ 33 21 26 31 ___ ___ ___ 51 ___ 152 142 ___ ___ ___ 102 ___ - Hoofreken: 51 – 4 = ; 45 – 5 = ; 31 – 3 = ; 27 – 2 = ; 12 – 5 = ; 43 – 4 =
Woordsom	Daar is 10 kinders. Elkeen kry 5 lekkers. Hoeveel **lekkers** is daar altesaam?
Konsep van die dag: Tyd	Ons het hierdie kwartaal geleer oor analoogtyd en oor tydsverloop. Gebruik die werkvel om jou te help om te kyk of jy hierdie konsepte al goed bemeester het. (Werkvel 12)
Lewensvaardigheid	
Waterdiere	Nou gaan ons kyk na diere wat in varswater leef. (Werkvel 14)

Graad 2: Vrydag, 22 Mei 2020

Afrikaans	
Lees & Onthou	Lees die leesstuk oor diere wat in varswater leef. Hoeveel van die 9 diere kan jy opnoem nadat jy die leesstuk gelees het? (Werkvel 15)
Taalwerk: Teenwoordige tyd	Skryf die sinne oor in die teenwoordige tyd. By die eerste twee sinne wys ons vir jou met watter woord om te begin. By die laaste sin kan jy kies met watter woord jy wil begin. (Werkvel 16)
Klanketoets	Vra vir Mamma/Pappa om vir jou 10 saamgestelde woorde te vra uit die woorde wat ons hierdie week geleer het. Kyk of jy hulle almal reg kan skryf. Moenie van die geheuesin vergeet nie!
Geheuesin	Hulle kuier graag by ouma en oupa. (Maak deel van klanketoets.)
Engels	
Phonics test	Vra vir Mamma/Pappa om vir jou 10 van die Phonics-woorde te vra wat ons hierdie week geleer het. Ek dink jy gaan sommer baie van hierdie woorde reg skryf! Onthou om die sinne ook te skryf.
Wiskunde	
Tel hardop	Tel aan in 4'e van 40 – 80.
Getalle & bewerkings	- Hoofreken: 28 + 3 = ; 58 – 1 = ; 54 + 2 = ; 38 – 4 = ; 46 + 5 = ; 22 – 3 = - Geldsomme: R4 – R2.50 ; R10 – R3.50 ; R8 – R1.50 ; R5 – R3.50 ; R4.50 + R2.50 ; R2.50 + R1.50 ; R5.50 + R2 ; R3.50 + R4
Tangramme	Bou die volgende prentjies met jou tangram: 29 ; 32 ; 53
Woordsom	Daar is 4 blikke. In elke blik is daar 10 stokkielekkers. Hoeveel stokkielekkers is daar altesaam?
Konsep van die dag: Breuke	Breuke ontstaan wanneer ons iets in gelyke dele verdeel. Kyk of jy dit wat jy al oor breuke geleer het kan onthou wanneer jy hierdie werkvel voltooi. (Werkvel 17)
Lewensvaardigheid	
Waterdiere	Ontmoet 'n paar diere wat in varswater leef. (Werkvel 15)

SKAKELS NA YOUTUBE VIDEO'S

Afrikaans

Lettergrepe: https://youtu.be/on_HpiHv1wo

Werkwoorde: https://youtu.be/GcdEZOtRQFo

Wiskunde

Getal 14, maande & dae: https://youtu.be/_FtasQ_qd_Q

Woordsomme (herhaalde optelling wat lei tot vermenigvuldig):
https://m.youtube.com/watch?fbclid=IwAR2eRuyYhj68l5dfTROL76bxoYqLB0dlGkR2C5TCVUc9wWvuc8lFa83PgMI&feature=youtu.be&v=pyr-f9QMGUc

Meting (lig/swaar): https://youtu.be/SQmI21BB8mA

Tangramme (verrykend): https://youtu.be/_5qrd9xApJI

Engels

Months of the year: https://youtu.be/zCz7CmIlewk

The m – sound: https://youtu.be/h-2IJNaT61M

Letterland m – song: https://youtu.be/3GWUmOADKvk

The n – sound: https://youtu.be/HjH7ekdNh3I

Letterland n – song: https://youtu.be/f9IBPkzd8X4

Lewensvaardigheid

Kamoeflering: https://youtu.be/_kJx0NmKxxo

Seediere: https://youtu.be/0JFkhqKpvHM

Het jy geweet Donderdag is dit Hemelvaart? Hemelvaart beteken dat Jesus opgevaar het na die hemel toe. Hier is 'n video wat julle kan kyk indien julle graag weer wil sien wat gebeur het toe Jesus opgevaar het hemel toe.

https://youtu.be/7wLrw60bY5w

Onthou: Dit is glad nie verpligtend nie!

Werkvel 1: Kamoeflering

Sommige diere beskerm hulself deur hul voorkoms te verander om by hul omgewing aan te pas. Verkleurmannetjies kan hul kleur verander om aan te pas by die bome waarin hulle woon. Die sebra se strepe maak dit moeilik om hom in die bos te sien. Die pels of vere van sommige diere is so aangepas dat hulle nie maklik raakgesien word nie. Ons noem dit kamoeflering. Kan jy aan nog diere dink wat van kamoeflering gebruik maak?

Werkvel 2 & Werkvel 3:

Werkvel 2: Werkwoorde

Maak mondelings 'n sin met elke woord. (Jy hoef net 3 sinne te skryf.)

Werkvel 3: Lettergrepe

Klap elke woord in lettergrepe. Hoeveel lettergrepe hoor jy?



Gebruik hierdie woorde vir werkvel 3: flamink, akker, man, ambulans, ruimteman, skêr, leesboek, baba, vliegtuig, perske, blom, skoenlapper

Werkvel 4: Pylnotasie plus

Kom ons kyk weer hoe ons hierdie somme uitskryf in Graad 2:

My som is: 25 + 33	My som is: 46 + 28
20 + 30 → 50 + 5 → 55 + 3 = 58	40 + 20 → 60 + 8 → 68 + 6 = 74

Probeer nou die volgende somme met hierdie metode uitwerk:

37 + 14	
24 + 39	
42 + 26	

Werkvel 5: Diere wat in seewater woon

Ons land het 'n lang kuslyn met verskillende soorte habitatte waar verskillende plante en diere bly. Baie diere bly in en om rotspoele. Hulle kan die warm son en die gehamer van die golwe weerstaan. Daar woon allerhande kreature in die see. Sommige is vriendelik en ander is baie gevaarlik. Party sal saam met jou swem, ander sal hul lippe vir jou aflek en jou met een hap opeet. Kom ons leer hulle ken:

Daar is baie **visse** in die see. Hulle moet baie vinnig swem, want hulle het baie vyande in die see wat hulle graag wil vang en opeet.

Dolfyne is die vriendelikste diere in die see en hulle swem, spring en dans in die see. Dolfyne eet graag vis.

Walvisse is die grootste en swaarste diere op Aarde. Hulle eet graag vis en kan hoog spring.

Haaie is nie almal gevaarlik nie. Hulle eet graag vis, maar sal enige iets eet wat oor hul pad kom. So bly maar liewers ver weg van hulle af!

Werkvel 6: Dae van die week & Maande van die jaar

Noem die maande van die jaar. Noem die dae van die week. Hoeveel maande is daar in 'n jaar? Hoeveel dae is daar in 'n week? Watter maand kom voor April? Watter dag kom na Vrydag? Watter maand is 4 maande na Junie? Watter dag is 3 dae voor Woensdag? Vandag is dit Maandag, watter dag was dit gister? Wat is die agste maand? Watter dae is dit naweek? Watter maande pas by Herfs?
(Hierdie vrae word slegs mondelings beantwoord. U is welkom om nog vrae by te voeg.)

Werkvel 7: Diere wat in seewater woon (2)

Kom ons gaan ontmoet nog diere wat in die see bly:

Seesterre woon op die bodem van die see en in rotspoele. Hulle eet klein diertjies.

Krappe loop skuins en kan hulself vinnig ingrawe in die sand as gevaar dryg. Hulle het sterk knypers om hul prooi mee vas te hou.

Krewe eet klein diertjies op die bodem van die see. Hulle kan jou vinger baie seer knyp – pasop vir hulle!

Seeskilpaaie lê hul eiers op die strand. As die eiers uitbroei, moet die kleintjies dadelik hul pad see toe vind.

Pikkewyne kan op land en in die see leef. Hulle loop stadig, maar kan baie goed swem. Pikkewyne eet graag vis.

Robbe eet graag vis. Soms steel hulle 'n vis uit 'n visserman se net – dan is die visserman baie kwaad.

Seekatte het ag pote – dit word tentakels genoem. Daar is suiers aan elke tentakel. Hulle beweeg vinnig oor die bodem van die see.

Werkvel 8: Massa

1. Omkring die drie instrumente waarmee ons massa meet.



2. In watter maateenheid meet ons massa of gewig? Kies twee.

   sentimeters gram kilometers kilogram liters

3. Waarvoor staan die volgende afkortings?

   g: _____ ; kg: _____

4. Watter meetinstrument sal ek gebruik om massa te weeg? Kies een.

   maatband skaal meterstok liniaal maatkoppie

5. Bestudeer die massa van die volgende produkte en rangskik die massa van die minste na die meeste.

mieliemeel	suiker	koffie	rys	graanvlokkies	bakpoeier
5 kg	2,5 kg	750 g	4 kg	350 g	120 g

6. Orden die plaasdiere se massa van die swaarste na die ligste.



53kg koei 44kg vark 9kg haan 43kg skaap 67kg perd

Werkvel 9: Verlede tyd

1. Piet skryf 'n storie. → Gister _____

   _____

2. Piet skryf 'n storie. → Piet _____

   _____

3. Sy eet 'n rooi appel. → _____

   _____

Werkvel 10: Kierie-Kwaak

Lank gelede was daar 'n padda met die naam Kierie-Kwaak. Toe hy nog klein was, het hy net op sy lelieblaar gesit en kwyl. Gou het sy mamma hom leer kwaak. Hy het ophou kwyl en elke dag hard gekwaak. Dit het nie altyd goed gegaan met Kierie-Kwaak nie. Sy mamma het aan 'n kwaal gely en dood gegaan. Daar het ook 'n droogte gekom en die poeletjie waarin sy lelieblaar was, het al kleiner geword. Die lelieblaar het begin kwyn. Kierie was toe sy mamma en sy lelieblaar kwyt. 'n Stout seuntjie het boonop vir Kierie met sy speelgeweer gekwes. Arme Kierie! Toe die stoute seuntjie se mamma van sy stoutigheid hoor, was sy baie kwaad. Sy het hom beveel om vir Kierie te gaan haal. Hy het toe vir Kierie 'n nuwe poeletjie in hul agterplaas gemaak. Die seuntjie het lief geraak vir Kierie. Met sy kwas het hy 'n pragtige prent van Kierie geverf en dit teen sy kamermuur geplak. Kierie-Kwaak was nou baie gelukkig.

Werkvel 11: Toekomende tyd

1. Ek speel met my pop. → Môre _____

   _____

2. Ek speel met my pop. → Ek _____

   _____

3. Jaco skryf in sy boek. → _____

   _____

Werkvel 12: Tyd

Hoe laat is dit op elke horlosie?



Kies die antwoord: Hoeveel tyd het verloop tussen die 2 horlosies?



Werkvel 13: Pieter se paddavissies

Pieter neem ses paddavissies van die rivier af huis toe. Hy sit hulle in 'n vistenk. Pieter gee een keer per dag vir die paddavissies viskos wat hy by die troeteldierwinkel koop. Binne 'n week groei hul agterpote uit. 'n Paar dae later begin hul voorpote ook groei. Die paddavissies se sterte begin krimp totdat dit heeltemal verdwyn. "Pappa, kom kyk na my paddavissies! Hulle het klein paddatjies geword!" roep Pieter uit.

1. Waar het Pieter die paddavissies gekry?

2. Hoeveel paddavissies neem Pieter huis toe?

3. Waarin sit hy die paddavissies?

4. Wat gee hy vir die paddavissies om te eet?

5. Wat het binne 'n week gebeur?

6. Wat het 'n paar dae later gebeur?

7. Wat gebeur met die paddavissies se sterte?

8. Hoeveel lettergrepe is in elke woord?
   - 8.1 troeteldierwinkel
   - 8.2 paddavissies
   - 8.3 vistenk

Werkvel 14: Diere wat in varswater woon

Baie diere bly in of naby poele, damme, mere, riviere of strome. Klein insekte, slakke, gapermossels, krappe, paddas en vissies bly in of naby water. Groter diere soos skilpaaie, slange, eende, groot visse, seekoeie en krokodille bly ook in of naby water. Waterplante maak suurstof vir diere om asem te haal en voorsien kos vir baie diere.

In Suid-Afrika het ons ook groot vleilande waar riviere stadig vloei en die water stilstaan of baie stadig vloei. Vleilande voorsien kos en skuiling en 'n natuurlike habitat vir 'n ongelooflike hoeveelheid diere. Paddas, reptiele, voëls (soos eende en waadvoëls) en visse is maar net 'n paar voorbeelde.

Kan jy die diere wat in varswater bly se name by hul prente pas?



Werkvel 15: Diere wat in varswater woon (2)

Kom ons leer meer oor 'n paar diere wat in varswater leef:

Paddas woon in riviere, mere en damme. Hulle vang en eet insekte en goggas. Paddas kwaak en sing in 'n koor.

Baie **voëls** woon op of naby riviere, mere en damme. Hulle vang vis of ander klein diertjies wat in die water leef.

Bewers woon in riviere, mere en damme. Hulle eet baie vis. Bewers bou hul eie damme met boomstompe en riete.

Otters woon in damme en riviere. Hulle swem en speel die hele dag. Otters vang vis om te eet.

Waterskilpaaie woon in mere en damme. Hulle kan vir kort rukkies buite die water leef. Hulle eet plante, insekte en klein diertjies.

Visse wat in varswater leef, woon in damme, mere, riviere en soms in vistenke in mense se huise.

Naaldekokers is pragtig en kleurvol. Hulle woon naby water en sit op blare om uit te kyk vir kos. Hulle eet insekte, veral muskiete.

Krokodille is baie vinnig in die water en hulle kan vir kort rukkies buite die water leef. Hulle is aasvreters en verwyder dooie visse en diere uit riviere en mere asook die omliggende omgewing. Dit help om die waterstelsel skoon te hou.

Seekoeie woon in riviere. Hulle is baie gevaarlik en kan jou met een hap opeet. Gelukkig is seekoeie herbivore en hulle eet hoofsaaklik plante wat op die oewer van die water groei.

Werkvel 16: Teenwoordige tyd

1. Gister het Koos lekker lank geslaap. → Vandag _____

   _____

2. Gister het Koos lekker lank geslaap. → Koos _____

   _____

3. Môre sal ons 'n nuwe kat kry. → _____

   _____

Werkvel 17: Breuke





ADDISIONELE WERKVEL

1. Voltooi die kalender van Mei 2020 en beantwoord dan die vrae:

Maand:					Jaar:	
So.	Ma.	Di.	Wo.	Do.	Vr.	Sa.

1.1 Watter vakansiedag val op 1 Mei?

1.2 Hoeveel werksdae is daar altesaam?

1.3 Op watter dag val 15 Mei?

1.4 Op watter dag eindig Mei?

1.5 Hoeveel Saterdae is daar in Mei?

1.6 Op watter dag val 1 Junie?

1.7 Vandag is 7 Mei. Wat is die datum oor 3 weke?

1.8 Watter maand kom net voor Mei?

1.9 Piet verjaar 18 Mei en Jan verjaar 2 Mei. Wie is die oudste?

1.10 Wat is die dag en datum 2 weke na 15 Mei?

1.11 Die hoeveelste maand van die jaar is Mei?

ADDISIONELE WERKVEL

2. Grafiek: Gebruik van vervoermiddels

	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	11	12	13	14	15	16	17	18	19	20
	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	11	12	13	14	15	16	17	18	19	20
	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	11	12	13	14	15	16	17	18	19	20
	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	11	12	13	14	15	16	17	18	19	20

2.1 Watter vervoermiddel is die minste gebruik?

2.2 Wat is die verskil tussen die motor en die vliegtuig se stemme?

2.3 Wat is die som van die bus en die vliegtuig se stemme?

2.4 Hoeveel kinders ry altesaam met die vliegtuig, bus en trein?

2.5 Hoeveel meer kinders ry met die motor as met die bus?

3. Somme in ruiteblok:

Gebruik elke keer die getal aan die begin van die ry om elke som se antwoord te kry. Onthou dit is NIE treintjiesomme NIE!

	− 5	+ 3	− 4	− 10	+ 2	+ 5
27						
41						
30						
53						
69						

ADDISIONELE WERKVEL

4. Pylnotasie:

bv. 26 + 38 20 + 30 → 50 + 8 → 58 + 6 = 64
24 + 39
17 + 12
31 + 48
65 + 16
23 + 18
29 + 41
25 + 27

5. Hoofreken:

16 + 5 =	48 – 4 =	18 + 1 =	40 – 3 =	17 + 2 =
24 + 4 =	34 – 2 =	27 + 3 =	34 – 4 =	47 – 5 =
39 + 2 =	23 – 1 =	35 + 5 =	20 – 2 =	42 + 1 =
45 + 3 =	18 – 5 =	44 + 4 =	16 – 1 =	27 – 3 =
15 + 5 =	49 – 4 =	16 + 1 =	42 – 3 =	14 + 2 =
23 + 4 =	35 – 3 =	25 + 3 =	36 – 4 =	50 – 5 =

ADDISIONELE WERKVEL

6. Treintjiesomme:

6 + 2 + = 13	13 – 8 – 2 =	8 + + 3 =
13 – 4 – = 8	+ 4 + 3 = 13	13 – – 2 = 6
5 + 3 + = 13	13 – 3 – 1 =	1 + + 0 = 13
13 – 5 – = 2	+ 1 + 1 = 13	13 – – 3 = 9
3 + 0 + = 13	13 – 3 – 2 =	5 + + 2 = 13
13 – 6 – = 5	+ 3 + 3 = 13	13 – – 7 = 3

7. Rewrite these sentences by replacing the pictures with words:

7.1 I drink coffee from a .

7.2 I smell with my .

7.3 I use a to wash the floor.

7.4 My brother is years old.

7.5 The and the stars are yellow.

7.6 The hen sits on her .

8. Skeppende skryfwerk:

Skryf 'n storie oor die prentjie. Jy kan hierdie woorde gebruik om jou te help:

fiets	veld	son	warm	hasie
voëltjie	skoenlappers		oefening	
lekker	mooi	vrolik	meisie	

ADDISIONELE WERKVEL

9. Taalwerk:

Bella die koei loop in die veld. Ons loop agter haar aan. Ou Koos sal haar later melk. Die kinders drink van die vars melk.



9.1 Skryf die sin in die **verlede tyd**: Bella loop in die veld.

9.2 Skryf die sin in die **toekomende tyd**: Die kinders drink die vars melk.

9.3 Skryf die sin in die **teenwoordige tyd**: Koos het vir Bella gemelk.

9.4 Skryf 3 **werkwoorde** (doenwoorde) uit die leesstuk neer.

9.5 Vul die regte **voorsetsels** in:

9.5.1 Bella loop _____ die veld rond.

9.5.2 Koos gaan _____ haar spene trek.

9.5.3 Ons loop _____ Bella aan.

aan
in
agter

9.6 Breek die woorde op in **lettergrepe**:

kinders	
later	

9.7 Skryf die sinne oor en gebruik die regte **leestekens**:

9.7.1 pasop vir bella

9.7.2 gaan koos vir bella melk

9.7.3 ek drink elke vrydag melk water en tee